dagstukkies met Reinhard

Daagliks by www.tygerberg104fm.co.za/blog

13 AUGUSTUS 2019

Efesiërs 4:4: #Liggaam
"Daar is net een liggaam en net een gees, soos daar net een hoop is waartoe God julle geroep het."

Die hele wêreld is opsoek na een ding: HOOP! Want sonder dit is daar geen toekoms nie. Al het ek al die geld en rykdom maar ek het nie HOOP nie dan sê die Bybel het ek niks. Jesus is nie net ons Verlosser en Saligmaker nie, maar in die woorde van die sanger Phill Wickomb is hy ons 'Living Hope'. Ons Lewende Hoop wat ons dra as ons swak is, wat ons wysheid gee as ons onseker is en wat ons vrede gee wanneer ons bang is.

Dit is maklik om ons hoop in tydelike kragte te sit. My bank, my kar, my werk, my huwelik. Maar al verloor ek al daardie dinge sou ek steeds my Lewende Hoop hê en weet dat ek alles het wat ek nodig het om hierdie lewe voluit te kan leef.

Waarin vind jy vandag jou HOOP? Is dit 'n ewige hoop? My hoop is in die Here, die Koning van die hemel en die aarde.

Jesus Liefde